22.2 RAPPORT 2: DEPUTATE LITURGIESE SAKE – AFRIKAANSE LIEDERE (Artt 75, 85)

22.2 REPORT 2: DEPUTIES LITURGICAL AFFAIRS – AFRIKAANS SONGS (Arts 75, 85)

A. Ds JL van der Schyff stel die Rapport.
Rev. JL van der Schyff tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. Ds PW Kurpershoek wys daarop dat met die goedkeuring van die Ooreenkoms rakende die Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek, daar nie 'n spesifieke opdrag gegee is oor wie die verteenwoordigers gaan aanwys nie.
Besluit: Die te benoeme Deputate Liturgiese Sake hanteer alle verantwoordelikhede rakende die Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek soos vervat in die Ooreenkoms.
Rev. PW Kurpershoek points out that with the approval of the Agreement regarding the Inter-church Council for Church Music, no specific instruction has been given as to who will appoint the representatives.
Decision: The to be appointed Deputies Liturgical Affairs shall handle all responsibilities relating to the Inter-church Council for Church Music as contained in the Agreement.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod takes note of**
1.1 *Opdrag*: Acta 2018:781, art 3-2–3.4 en Acta 2018:829, art 2.3 en 2018:889, art 2.2 en Acta 2018:890:2.8.	1.1 *Mandate*: Acta 2018:781, art 3-2–3.4 and Acta 2018:829, art 2.3 and 2018:889, art 2.2 and Acta 2018:890:2.8
1.1.1 Dat nuwe goedgekeurde liedere by die bestaande rubrisering gevoeg word.	1.1.1 The newly approved songs are to be added to the existing rubrication.
1.1.2 Dat die voorgestelde rubrieke vir Psalms, Skrifberymings en ander liedere geintegreer word en as Bylae by die Psalmboek gevoeg word.	1.1.2 The suggested rubrics for Psalms, versifications and other songs are to be included as appendix to the Psalmbook.
1.1.3 Dat die rubriek vir die Heidelbergse Kategismus in die swart Psalmboek bygewerk word en as Bylae in albei Psalmboeke gevoeg word.	1.1.3 The rubric for the Heidelberg Catechism is to be worked into the black Psalmbook and included as Appendix to both Psalmbooks.
1.1.4 Verfyning van die beginselraamwerk om soveel moontlik liedere binne hulle musiek- en taalregisters en onderskeie genres effekteif te beoordeel.	1.1.4 The principle framework is to be refined to judge as many songs in relation to their music and language registers and different genres as effectively as possible.
1.1.5 Bywoning van VONKK-byeenkoms 11–13 Junie 2018 te Pretoria.	1.1.5 Attendance of VONKK 11–13 June 2018 in Pretoria.
1.2 *Die opdragte is soos volg uitgevoer*	1.2 *The mandate were completed as follows:*
1.2.1 (Kyk art 1.1.1) Al die liedere (Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere uit die geledere van die GKSA wat gebruik in die eredienste deur die Algemene Sinode 2018 vir gebruik by die kerke aanbeveel is, is by die bestaande rubrisering gevoeg. Die liedere is aan die setters van Bybelmedia voorsien en dit is so opgeneem in die 2021 uitgawe van Psalmboek 2003.	1.2.1 (See art 1.1.1) All the songs (versifications and Scripturally sound songs from the ranks of the GKSA suggested by Regional Synod 2018 for use in church services were added to the existing rubrication. The songs were forwarded to the typesetters of Bible Media and thereby included in the 2021 edition of Psalmbook 2003.

1.2.2 (Kyk art 1.1.2) Die voorgestelde rubrieke vir Psalms, Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere wat uit die geledere van die GKSA kom, is geïntegreer en is as Bylae by die 2021 uitgawe van Psalmboek 2003 opgeneem onder die titel: "INDELING VAN PSALMS EN SKRIFBERYMINGS vir gebruik in die onderskeie liturgiese momente of by besondere geleenthede". Die lys is aan die setters van Bybelmedia voorsien vir opname in die 2021 uitgawe van Psalm 2003.	1.2.2 (See art 1.1.2) The suggested rubrics for Psalms, versifications and Scripturally sound songs from the ranks of the GKSA were integrated and included in the 2021 edition of Psalmbook 2003 under the heading: "CLASSIFICATION OF PSALMS AND VERSIFICATIONS for use during the different liturgical points or on special occasions". The list was forwarded to the printers of Bible Media and thereby included in the 2021 edition of Psalmbook 2003.
1.2.3 (Kyk art 1.1.3) Die rubriek agter in die 1976 uitgawe van die Psalmboek, "AANWYSING VAN PSALMS EN SKRIFBERYMINGS wat by besondere geleenthede en by die verklaring van die Christelike leer gesing kan word." is op die volgende wyse bygewerk:	1.2.3 (See art 1.1.3) The rubric at the back of the 1976 edition of the Psalmbook, "CLASSIFICATION OF PSALMS AND VERSIFICATIONS that can be sung on special occasions and at the declaration of Christian doctrine" was incorporated as follows:
1.2.3.1 Benewens die 1936 Psalmberyming is ook die 2001 Psalmomdigting in die lys opgeneem. Waar daar spesifieke verse uit óf die 1936 beryming óf die 2001 omdigting betrekking het op 'n rubriek, is daar verwys na (byvoorbeeld) PS. 89-1:1-3 of PS. 89-2:1, 2. Waar beide die 1936 beryming of 2001 omdigting bedoel word, is daar gewoon aangedui PS. 89.	1.2.3.1 Aside from the 1936 Psalm versification, the 2001 Psalm versification was also included in the list. Where specific verses from either the 1936 or the 2001 versifications related to a rubric, it was indicated as such (example) Ps. 89-1:1-3 or Ps. 89-2:1, 2. Where both the 1936 and 2001 versification is meant, it was simple indicated as Ps. 89.
1.2.3.2 Kragtens besluit van die Algemene Sinode (Acta, 2015:407-408) is die verwysing na Skrifberymings gedoen volgens die numereringsisteem wat in die 2003 uitgawe van die Psalmboek gevolg is. Skrifgetroue Liedere uit die geledere van die GKSA wat in die Psalmbundel opgeneem is, word in dié lys weerspieël. Skrifgetroue Liedere uit die *Liedboek van die Kerk* is nié hierdie lys opgeneem nie.	1.2.3.2 Upon the decision of the Regional Synod (Acta, 2015:407-408), the referencing of versifications were done according to the numbering system followed in the 2003 edition of the Psalmbook. Scripturally sound songs from the ranks of the GKSA included in the Psalm volume are reflected in this list. Scripturally sound songs from the *Liedboek van die Kerk* have not been included in this list.
1.2.3.3 Die lys is aan die setters van Bybelmedia besorg vir opname in die 2021 uitgawe van Psalmboek 2003.	1.2.3.3 The list was forwarded to the printers of Bible Media and thereby included in the 2021 edition of Psalmbook 2003.
1.2.4 (Kyk art 1.1.4) Nadat die Omvattende Beginselraamwerk weer bestudeer is en daaroor besin is, het die Deputate tot die gevolgtrekking gekom dat die Beginselsraamwerk voldoende is. Die versoek om verfyning van die Raamwerk, wat vanweë die tegniese aard van musiek nie moontlik is nie, beklemtoon waarom verskeidenheid gawes (musikologies, taalkundig en	1.2.4 (See art 1.1.4) After a review and consideration of the Comprehensive Principle Framework, the Deputies came to the conclusion that the Principle Framework is sufficient. The request to refine the framework, which is not possible due to the technical nature of music, highlights why a range of gifts (musicological, linguistic and theological) is needed for the Deputy group.

	teologies) op die Deputategroep nodig is.	
1.2.5	(Kyk art 1.1.5) Van die Deputate het die byeenkoms van VONKK by die NHK Pretoria-Oos bygewoon. Die voordragte wat by dié geleentheid gelewer is, was ook op die Youtube kanaal van die NHK Pretoria-Oos beskikbaar (*https://www.youtube.com/channel/UCKerXNiyRICF2QbJ2Lzsj1A*) en ander Deputate het hierdie uitsending gevolg. 'n Lys van VONKK liedere is by die Skriba van die Deputate ingedien as voorstel vir liedere wat aan die hand van die Omvattende Beginselraamwerk beoordeel moet word en vir gebruik aanbeveel moet word, al dan nie. Hierdie liedere is voorgestel in die lig van die opdrag wat die Depuate ontvang het (Acta 2018:829, art 2.4 en 2018:887-888, art 2.4, 2018:889, art 2.3, 2.5). Hierdie opdrag staan dus oor aan te benoemde Deputate.	1.2.5 (See art 1.1.5) Some of the Deputies attended VONKK at NHK Pretoria East. The presentations offered at this event were made available on the YouTube channel of the NHK Pretoria East (*https://www.youtube.com/channel/UCKerXNiyRICF2QbJ2Lzsj1A*) and other Deputies followed this broadcast. A list of VONKK songs were submitted to the Scribe of the Deputies as suggestion for songs to be evaluated in terms of the Comprehensive Principle Framework and recommended for use or not. These songs were suggested in light of the instruction the Deputies received (Acta 2018:829, art 2.4 and 2018:887-888, art 2.4, 2018:889, art 2.3, 2.5). This instruction is, therefore, passed on to the next Deputies.
1.2.6	Al die werk wat die Deputategroep gehad het met betrekking tot die teks en die musiek vir die 2021/2022 heruitgawe van Psalm 2003 is afgehandel. Dit behels die proeflees van die teks van die 1936 Psalmberyming, die 2001 Psalmomdigting, die korpus van Skrifberymings en ook die melodieë van elke Psalm en Skrifberyming. Hierdie werk is gedoen met Psalmboek 2003 as verwysingsbron. Die Deputate het die werk na die beste van hulle vermoë verrig. Tog bly dit mensewerk en indien daar enige foute in die 2021/2022 heruitgawe van Psalmboek 2003 voor kom, word lidmate genooi om dit onder die aandag van die te benoemde Deputate te bring sodat dit aan die setters by Bybelmedia gekommunikeer kan word en reggestel kan word vir 'n toekomstige heruitgawe.	1.2.6 All the work of the Deputies related to the text and music for the 2021/2022 reissuing of Psalm 2003 has been completed. It entailed the proofreading of the text of the 1936 Psalm versification, the 2001 Psalm versification, the corpus of versifications and also the melodies of each Psalm and versification. This work was done with Psalmbook 2003 as source of reference. The Deputies did the work to the best of their abilities. Yet we are human and should any errors be found in the 2021/2022 reissuing of Psalmbook 2003, members are invited to bring such errors to the attention of the next Deputies that they may communicate it to the printers of Bible Media for rectification in a future edition.
1.2.7	Die Deputate het navrae uit die kerke ontvang rakende twee uitgawes van die "swart" Psalmboek wat sedert 2018 deur die Deputate Gereformeerde Publikasies die lig gesien het. Tydens Algemene Sinode van 2012 (Acta 2012:412 e.v., art 1.2–1.3) is daar uitvoerig rapporteer aangaande foute wat in die 2010 heruitgawe van Psalmboek 2003 voorgekom het. Hiérdie foute is in die twee heruitgawes van die	1.2.7 The Deputies received enquiries from the churches about the two editions of the "black" Psalmbook that have been released since 2018 by the Deputies Reformed Publications. During General Synod 2012 (Acta 2012:412 eff., art 1.2–1.3) comprehensive reporting was done on errors found in the 2010 reprint of Psalmbook 2003. These errors were repeated in the two reprints of the "black" Psalmbook. The numbering of the

	"swart" Psalmboek herhaal. Die numerering van die Skrifberymings is ook nie gedoen volgens die besluit van die Algemene Sinode (Acta 2015:407-408) nie. Die numerering wat in die "groen" Psalmboek gevolg word, geld ook vir die "swart" Psalmboek. Daar is nie met die Deputate Liturgiese Sake (Subgroep Afrikaanse Liedere) gekorrespondeer oor hierdie twee heruitgawes nie en die heruitgawes is wat die teks en musiek van die Psalms en Skrifberymings nie deur die Deputate Liturgiese Sake (Subgroep Afrikaanse Liedere) afgeteken nie. Dit kan nie as die amptelike bundel van die GKSA aangebied word nie, en die werk is onaanvaarbaar.		versifications also did not comply with the decision of the General Synod (Acta 2015:407-408). The numbering followed in the "green" Psalmbook is the same for the "black" Psalmbook. The Deputies Liturgical Affairs (Subgroup Afrikaans songs) did not receive any correspondence regarding these two reprints and the reprints were not signed off by the Deputies Liturgical Affairs (Subgroup Afrikaans songs) in terms of the text and music of the Psalms and versifications. It cannot be presented as the official volume of the GKSA and the work is unacceptable.
1.2.8	Op 4 Maart 2020 is 'n uitnodiging van die Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek ontvang waarin die GKSA genooi word om deel te neem aan die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek. Ná die verskyning van die *Liedboek van die Kerk* in 2000 het die Gesamentlike Psalmkommissie en ook die Gesamentlike Gesangekommissie tot 'n einde gekom. Die Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek beywer hulle vir die voortsetting van die werk van hierdie ontbinde kommissies. Die Deputate het versoek om voorlopig waarnemerstatus te geniet totdat die konsepooreenkoms (hieronder) deur hierdie vergadering goedgekeur en onderteken is.	1.2.8	The GKSA received an invite on 4 March 2020 from the Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek (Inter-church Council for Church Music) to participate in the activities of the Inter-church Council for Church Music. After the release of the *Liedboek van die Kerk* (Songbook of the Church) in 2000 the Joint Psalm Commission (Gesamentlike Psalmkommissie) and also the Joint Hymn Commission (Gesamentlike Gesange-kommissie) were disbanded. The Inter-church Council for Church Music are advocating for the continuation of the work of these disbanded commissions. The Deputies requested provisional observer status until the draft agreement (below) has been approved and signed by this assembly.
	Konsepooreenkoms		**Draft Agreement**
	Oor baie jare heen was daar amptelike skakeling tussen Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, waardeur die onderskeie kerkverbande in 'n vergadering met mekaar kon saamgesels oor die Gereformeerde kerklied, kerkmusiek en die samestelling van kerklike liedbundels. Ongelukkig het hierdie skakeling oor die afgelope 19 jaar, na die verskyning van die Liedboek van die Kerk heeltemal tot niet gegaan. Hierdie poging is om hierdie skakeling tussen die kerke weer te laat herleef in belang van die kerklied en die aanbidding van lidmate in die onderskeie kerke en gemeentes. Ons, die lede van die TUSSENKERKLIKE RAAD vir KERKMUSIEK (TRK), te wete afgevaardigdes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika		There has been formal contact between Reformed Churches in South Africa for many years, by which the different denominations could convene and discuss the Reformed church song, church music and the compilation of church songbooks. Unfortunately, this interaction has completely disappeared the past 19 years since the publication of the Songbook of the Church. This is an attempt to re-establish such collaboration between the churches in the interest of church song and the worshipping of members of the different churches and congregations. We, the members of the INTER-CHURCH COUNCIL for CHURCH MUSIC (ICM), that is to say delegates of the Dutch Reformed Church (Nederduits Gereformeerde Kerk), the Dutch Reformed Church of Africa

	(NHKA), die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk), kom hiermee met mekaar die volgende ooreen as synde die samestelling en doelstellings vir tussenkerklike skakeling en samewerking op die terrein van kerkmusiek:		(Nederduits Hervormde Kerk van Afrika), the Reformed Churches in South Africa (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) and the Afrikaans Protestant Church (Afrikaanse Protestantse Kerk), hereby agree in accordance to the composition and objectives for inter-church cooperation and collaboration in regard to church music:
	1. Wat en wie is die TRK? Die TRK-vergadering word saamgestel uit: • twee amptelike verteenwoordigers van elke samewerkende kerkgenootskappe hierbo genoem • een verteenwoordiger van Bybel-Media • die vergadering het die reg om koöpteerde vakkundige lede aan te wys wat die vergadering op spesifieke terreine kan adviseer. Die vergadering kies self wie hierdie vakkundige lede sal wees. Hierdie persone hoef slegs die TRK-vergaderings bywoon wanneer hulle spesifieke vakkundige advies benodig word en hulle versoek word om teenwoordig te wees.		1. What and who is the ICM? The ICM meeting comprises of: • two official representatives of each cooperating church fellowship mentioned above; • one representative of Bible Media; • the assembly has the right to appoint co-opted expert members to advise the assembly on certain specific matters. The assembly itself chooses these expert members. These individuals are only obliged to attend ICM meetings when required for specific expert advice and are requested to be present.
	Elke kerkgenootskap sal sy eie twee amptelike verteenwoordigers na die TRK-vergadering aanwys en sal ook self verantwoordelik wees vir enige kostes van sodanige verteenwoordigers om die vergaderings by te woon.		Every church fellowship will assign its own two official representatives to the ICM meeting and will also be responsible for the expenses of such representatives to attend meetings.
	Die samewerkende kerk van die TRK kom jaarliks bymekaar met die doel om met mekaar te skakel in verband met die ontwikkeling van kerkmusiek en om saam te werk ten opsigte van die beskikbaarstelling van Psalms en ander liedere vir gebruik tydens eredienste, asook die druk van bundels vir die onderskeie kerke deur Bybel-Media.		The collaborating churches of the ICM will convene on an annual basis with the aim to collaborate in the development of church music and to cooperate in regard to the provision of Psalms and other songs for use during church services, as well as the printing of songbooks for the different churches by Bible Media.
	Al die kerke van die TRK was destyds deel van die samestelling van die Liedboek van die Kerk en is as sodanig ook die wettige eienaars van die intellektuele eiendom wat die teks van die Liedboek van die Kerk is. Alhoewel daar 'n hele aantal liedere in die ondergenoemde bundels is waarvan die kopiereg aan spesifike kopiereghouers of individue behoort, is Bybel-Media die wettige kopiereg-eienaar van die bundels genaamd Liedboek van die Kerk- en die Psalms en Gesange (van die AP Kerk) in geheel. Die GKSA besit die kopiereg van die Totius-teks, terwyl Bybel-Media die publikasiereg van al hierdie bogenoemde bundels besit.		All the churches of the ICM participated in the composition of the *Songbook of the Church* and as such are also the legal owners of the intellectual property of the text of the Songbook of the Church. Although there are quite a number of the songs in the below-mentioned books where the copyright belongs to specific copyright holders or individuals, Bible Media is the legal copyright holder of the volumes titled *Songbook of the Church* and the Psalms and Hymns (of the AP Church) as a whole. The RCSA holds the copyright to the Totius text, while Bible Media holds publication right to all the above volumes.
	Die vergadering sal self sy voorsitter, ondervoorsitter en skriba amptelik aanwys.		The meeting will appoint its own chairman, vice-chairman and scribe.

	2. Doelstellings: Die TRK sal die volgende doelstellings hê: • die daarstelling, instandhouding en uitbreiding van die 'meester teks' van die korpus Afrikaanse kerkmusiek wat bekendstaan as die Liedboek van die kerk / Psalms en Gesange / Psalmboek. Hierdie korpus van liedere is afgesluit met die totstandkoming van hierdie bundels • die instandhouding en opdatering van die setwerk van hierdie korpus van musiek • die uitbreiding van hierdie korpus van klassieke liedere vir gebruik in eredienste. Hierdie nuwe korpus van liedere sal waarskynlik in elektroniese formaat beskikbaar wees vir die onderskeie kerke om te gebruik – natuurlik onderhewig aan die betrokke kopiereg wat op hierdie liedere mag bestaan. • om voorstelle aan Bybel-Media te maak waardeur die onderskeie kerke en hul gemeentes gehelp kan word in hulle aanbidding in eredienste en bediening met behulp van musiek. Hierdie bogenoemde doelstellings sal altyd geskied binne 'n verstandhouding van wedersydse respek vir die onderskeie kerke se beginsels, kerkordes en werkswyses. Alle deelnemende kerke van die TRK word ook uitgenooi om deel te word van reeds-bestaande kerkmusiek werkgroepe, naamlik VONKK (Voortgesette Ontwikkeling van Klassieke Kerkmusiek wat fokus op die skep van eietydse klassieke kerkliedere) en FLAM (wat fokus op meer kontemporêre kerkliedere vir gemeente-orkeste). 3. Slot Die doel met die TRK is nie om een kerklike groepering te probeer vorm nie, maar wel om die band waarmee die Gees die eenheid tussen ons, die Kerk, snoer, te bou en te verstewig, sodat die wêreld kan glo (Joh 17:21) en natuurlik met die doel om ware en opregte aanbidding van die Drie-enige God in die eredienste van ons onderskeie kerke te bevorder. Kemptonpark 4 Maart 2020		2. Objectives: The ICM shall have the objective of: • creating, maintaining and developing the "master text" of the corpus Afrikaans church music titled the *Songbook of the Church/Psalms and Hymns/Psalmbook* - this corpus of songs has been concluded with the creation of these songbooks; • maintaining and updating of the typesetting of this corpus of music; • developing this corpus of classic songs for use in church services, which will probably be made available in electronic format for use by the different churches – of course subject to the relevant copyright associated with these songs; and • offering suggestions to Bible Media that will help the different churches and their congregations in their worshipping during church services and ministry through music. The above objectives will be met with mutual respect for the principles, church orders and functioning of the different churches. All participating churches of the ICM are also invited to join already established church music workgroups, namely VONKK (Continued Development of Classic Church Music that focuses on the creation of classic contemporary church songs) and FLAM (that focuses on more contemporary church songs for church orchestras). 3. Conclusion The goal of the ICM is not to form a single church grouping, but instead to build and strengthen the bond with which the Spirit works unity between us, the Church that the world may believe (John 17:21) and of course with the goal to promote true and sincere worshipping of the Triune God in church services of the different churches. Kempton Park 4 March 2020
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.8 kennis geneem.		**Decision: Points 1.1 to 1.2.8 noted.**	
2. Sake waaroor die Sinode besluit		**2. Matters that the Synod decides on**	
2.1 Dat die Omvattende Beginselraamwerk nie verdere verfyning nodig het nie, maar dat daar by die aanwys van Deputaatgroepe genoegsame kundiges (musikoloë, taalkundiges, letterkundiges		2.1 The Comprehensive Principle Framework does not need further refining, but the necessary experts (musicologists, linguists, literarists and theologians) should be appointed to the Deputy groups.	

en teoloë) benoem word.	
2.2 Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om die VONKK liedere wat voorgestel is, aan die hand van toepaslike Sinodebesluite en die Omvattende Beginselraamwerk te beoordeel en ‘n aanbeveling daaroor aan die volgende sitting van die Algemene Sinode te doen.	2.2 The next Deputies should be instructed to evaluate the suggested VONKK songs in terms of the appropriate synod decisions and the Comprehensive Principle Framework and offer a recommendation to the next sitting of the General Synod.
2.3 Dat met dank kennis geneem word van die werk van die Deputate met betrekking tot die proeflees en voorbereiding van die drukproewe vir die 2021/2022 heruitgawe van Psalmboek 2003.	2.3 Note should be taken with thanks of the work of the Deputies in relation to the proofreading and preparation of the printing proof sheets for the reprint of the 2021/2022 print of Psalmbook 2003.
2.4 Dat die drukproewe wat deur die Deputate afgeteken is voortaan gebruik sal word vir die drukwerk van Psalmboeke (met die nodige regstellings waar nodig). Dit sluit in alle heruitgawes van die “swart” Psalmboek (Totiusberyming en Skrifberymings).	2.4 The proof sheets signed off by the Deputies should henceforth be used for the printing of the Psalmbooks (with the necessary corrections, where needed). This includes all the reprints of the “black” Psalmbook (Totius versification and Scripture versifications).
2.5 Die Sinode bevestig sy besluit van 2015 dat in beide uitgawes van die Psalmboek (“swart” en “groen” Psalmboeke) die numerering wat in die “groen” Psalmboek gebruik word, voortaan gebruik sal word.	2.5 The Synod should confirm its decision of 2015 that the numbering of the “green” Psalmbook be used in both editions of the Psalmbook (“black” and “green” Psalmbooks).
2.6 Dat geen heruitgawe van die “swart” Psalmboek uitgegee sal word met die foute wat in die heruitgawes sedert 2018 voor kom nie.	2.6 The “black” Psalmbook containing errors since 2018 must not be reprinted again.
2.7 Dat die GKSA die konsepooreenkoms van die Tussenkerklike Raad vir Kerkmusiek aanvaar en dat dit staande die vergadering onderteken word.	2.7 The GKSA should accept the draft agreement of the Interchurch Council for Church Music and that it be signed by the end of the assembly.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 to 2.7 approved.**